**Donderdag 14 Desember**
**Skrifgedeelte: Matteus 20:29-34**
**Fokusgedeelte: Mattheus 20:29-34**
**Absolute vertroue op die genade in Jesus Christus**

Waar die gebeure rondom die genesing van die blindgebore man in Johannes 9 gepaardgaan met uiterste hoogmoedige ongeloof en geestelike blindheid, met hardnekkige ontkenning van Wie Jesus is, lees ons hier van ’n absolute afhankliheidsbesef en geloofsvertroue in die majesteit van Christus. Teen die uitdowende en berispende stemme van die skare bly hierdie twee blindes vasberade om in die genadige teenwoordigheid van Jesus Christus te kom.

Op hierdie punt van ons Here Jesus se bediening was daar al baie gespekuleer oor Wie Hy werklik is; ons dink in besonder aan die vrae van sy disspels en die antwoord van Petrus in Matteus 16: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” Daar was alreeds ’n toenemende besef onder die mense van wie Jesus is, Jesus was nie maar net nog ’n Skrifgeleerde of ’n profeet nie ...

Hierdie twee blindes roep uit: “Ontferm U oor ons, Here, Seun van Dawid.” In hierdie belydenis hoor ons dat selfs die blindes kan sien, hulle sien die glorie van die gekome Messias. Hulle sien die beloftes van die HERE wat in vervulling kom, ja dat die troonsbestyger van Dawid gekom het om die beloftes van God te kom vervul. Jesus die Seun van die lewende God, die nasaat van Dawid, die Verlosser en bewerker van die nimmereindigende liefde en genade van God was in hulle teenwoordigheid. Die beloftes aan Abraham, Isak en Jakob regdeur tot by Moses en die volk Israel, elke belofte van God het onder hulle kom leef en stap verby hierdie twee soekende mense. Hulle het nie oë, of dan sig nodig om te sien Wie daar verbykom nie, deur die genadige beskikking van God was hulle reeds verseker en oortuig oor Wie Jesus is, en die genade wat reeds deurgebreek het, daaraan wou hulle deel hê.

Jesus hoor hulle pleidooi en Hy antwoord die geloofsverwagting wat in hulle leef, hulle sig word herstel en hulle volg hulle Verlosser.

Vaste hoop en vertroue op Jesus Christus is waartoe ons in geloof geroep word. Nie die vaste hoop en vertroue van hierdie twee blindes nie, nee selfs nog meer. Ons hoef nie te spekuleer oor Wie Jesus is nie, ons hoef nie te wonder wat ons in Hom het nie, hierdie antwoorde word deur die Woord en Gees aan ons gegee en bevestig, Jesus is ons Verlosser en Here, Hy is die weg en die waarheid en die lewe, vertrou ten volle op Hom, ongeag hoe hard die wêreld iets anders skree en verkondig, wees verseker van die genade wat ons in ons Verlosser het.

*Sing: Psalm 16-1:1, 3*
*Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)*